Maandbrief

Mei 2009

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ✆ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Ja, kan jy dit glo, hierdie gemeente is 1 jaar oud. Ek wil weer vir elkeen dankie sê wat deel uitmaak van hierdie gemeente. Graag wil ek elkeen aanmoedig om meer te gee. 'n Hart wat oorloop word geseën.

As jou hart leeg is, het jy net mooi niks van waarde om weg te gee nie. Mense wie se hart leeg is wy al hul energie en tyd aan nuttelose dinge. Sulke dinge maak nie mense se harte vol nie. Mense wat al hulle tyd spandeer aan die soeke na dinge soos mag, erkenning en gewildheid, en wat van mening is dat hul harte so gelukkig sal word, se siele gaan later morsdood. Sulke harte het geen lewensvreugde nie, want die eienaars het vergeet om stoorplek vir hemelse vreugde te bou.

Jou hart moet die stoorplek van ewige skatte wees. Jesus Christus is die enigste een wat hierdie stoorplek kan volmaak. Hy is die Een wat vreugde, troos en Goddelike nabyheid bring, daardie teenwoordigheid wat diep lêplek in jou hart kry deur Sy Gees. Ek wil jou vra: "hoe lyk jou hart vir die toekoms?". Is dit vol hoop, liefde en 'n diep dankbaarheid.

Mag hierdie gemeente die grond wees waarin jy hierdie hoop, liefde en dankbaarheid kan saai.

Dankie weereens vir elkeen se bydraes deur gebed, liefde en ja selfs finansies. Mag die Vader elkeen ryklik seën.

Groete
Past. Leon

Dagboek:

Mei 2009

Sondag, 3 Mei	Nagmaaldiens
Sondag, 10 Mei	Moedersdag

Hoe lyk jou selfbeeld?

Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?
U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon.

- Psalm 8:5–6.

Dis is verstommend hoeveel mense 'n swak selfbeeld het. Hulle glo dat hulle niks werd is nie en nooit iets sal bereik in die lewe nie. Miskien glo hulle dit omdat hulle die een of ander sonde vertroetel. Dalk is hulle bang dat indien mense hulle sou leer ken soos hulle hulself ken, hulle verag sal word. Die vrees om so ontbloot te word, beroof hulle lewe van alle skoonheid en nie, waar hulle selfveroordelend, selfs selfveragtend word. Hulle laste word al hoe swaarder en hul selfbeld nog erger geknou. Hulle versink in verbittering en selfverwyt, hul lewe is sonder vreugde of vrede.

As jy so voel, onthou: God ag jou baie belangrik, wat jy ook al van jouself dink. Hy het jou uniek geskep en noem jou sy kind. Die feit dat jy weier om hierdie heerlike waarheid te aanvaar maak dit hoegenaamd nie onwaar nie. God het jou hartlik lief en begeer vir jou net die allerbeste. Lees weer 'n slag Johannes 3:16: "God het die wereld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal he."

Indien jy in jouself sou glo soos wat God in jou glo, kan jy 'n nuwe mens word. God kan jou egter nie 'n nuwe mens maak voor jy nie besef wat Hy met jou lewe kan doen en jou dan volkome aan Hom oorge nie. Laat Hom toe om van jou sy beelddraer te maak deur in Hom te leef, met selfvertroue.

Wishing will never be a substitute
For prayer.

- Ed Cole.

Onthou om ons **HUISHOUDING PROJEK** te ondersteun:

Dit is 'n aaneenlopende projek wat maandeliks produkte nodig het.

Dankie vir jou ondersteuning, dit word waardeer.

Opwindende nuwe projek:

ONDERSTEUN JOU GEMEENTE

Ons gaan van volgende maand af weer die maandbriefie herontwerp en ruimte skep vir die gemeente om hul produkte of dienste te adverteer.

Ja, jy kan 'n GRATIS advertensie vir jou besigheid in ons maandbrief plaas. Dit is ons manier om die gemeente te ondersteun en help. Die gemeente kry dus die geleentheid om ook mekaar te ondersteun.

Van Sondag af kan advertensies aan Mariska of Past. Leon gegee word of jy kan dit e-pos aan mariskavr@telkomsa.net Die advertensies kan so 'n halwe of 'n kwart van 'n A5 wees.

Die sluitingsdatum vir elke uitgawe sal die 25 ste van die maand wees.

Ons gee om vir mekaar.

Onthou jou geheime vriendin.

Sy is spesisaal

Live as though Christ died yesterday,
Rose from the grave today,
And is coming back tomorrow.

- Theodore Epp